# EKURHULENI NORTH

November 2015
Graad 05
Afrikaans EAT

**Afdeling A: Leesbegrip**

**Lees die storie en beantwoord die vrae**

## Samantha en Tinkerbel se nuwe maats

Eendag was daar ‘n dogtertjie met die naam Samantha. Sy het saam met haar ma en ouma
in ‘n klein huisie gebly in Elarduspark. Elke dag na skool moet sy haar ma help in die huis.
1 Sy moes help kos maak en huis skoon maak. Nadat sy haar moeder gehelp het met die
werkies kon sy met haar hondjie, Tinkerbel, in die parkie gaan speel. Daarna moet sy haar
skoolwerk doen. Samantha werk hard en doen altyd haar skoolwerk, want sy wil graag
eendag ‘n veearts word, sodat sy baie diere kan help.

Een middag toe Samantha in die parkie aankom is daar ‘n seun met sy hond in die parkie.
2 Hy gooi vir sy hond ‘n mooi rooi bal, sy hond vang dit en bring dit weer vir hom terug. Vir
Tinkerbel lyk dit te veel na pret en sy wil sommer saam speel.

“Hallo, my naam is Tshepo, en dis my hond Rower, hy is blind”. “Wat is jou naam?” vra
Tshepo. Samantha vergeet skoon om te sê wat haar naam is, sy het nog nooit ‘n blinde
3 hond gesien nie. “Hoe kan hy dan sien om die bal te vang?” vra
Samantha.  “Hy luister na die klokkie in die bal en na my stem,
ons oefen al vyf jaar”. “Wil jy hom vryf, hy sal jou nie byt nie?” sê
Tshepo.

Tshepo en Samantha raak sommer vinnig goeie maats en die
honde speel ook lekker saam. Tshepo vra of hy ‘n foto van hulle
4 kan neem met sy kamera, voordat Samantha moet huis toe
gaan. Tshepo neem ‘n foto en groet sy nuwe maats omdat hy
ook moet huis toe gaan. Daarna hardloop Samantha huis toe, sy
kan nie wag om vir haar ma van haar en Tinkerbel se nuwe
vriende te vertel nie. Vir haar was dit ‘n besonderse dag.



**Woordelys**

| | Afrikaans | | Engels |
|---|---|---|---|
| 1. | parkie | → | park |
| 2. | moeder | → | mother |
| 3. | veearts | → | vet |
| 4. | pret | → | fun |
| 5. | blind | → | blind |
| 6. | vergeet | → | forget |
| 7. | nooit | → | never |
| 8. | luister | → | listen |
| 9. | klokkie | → | bell |
| 10. | stem | → | voice |
| 11. | oefen | → | practise |
| 12. | foto | → | photo |
| 13. | kamera | → | camera |
| 14. | groet | → | greet |
| 15. | nuwe | → | new |
| 16. | maats | → | friends |

<u>Omkring die regte antwoord</u>

1.1 Wat is die naam van die storie?

a) Tinkerbel en Neo se nuwe maats.
b) Samantha en Tinkerbel se nuwe maats.
c) ‘n Besonderse dag
d) Tshepo en Rower se nuwe maats (1)

1.2 Wat is die dogtertjie se naam?

a) Tshepo
b) Tinkerbel
c) Samantha
d) Neo (1)

1.3 Wat is Samantha se hondjie se naam?

a) Tshepo
b) Tinkerbel
c) Rower
d) Wollie (1)

1.4 Waar gaan Samantha met haar hondjie speel?

a) In die sneeu
b) In die parkie
c) In die boomhuis
d) In die see (1)

1.5 Wat wil Samantha eendag word as sy groot is?

a) ‘n Dokter
b) ‘n Veearts
c) ‘n Joernalis
d) ‘n Kelner (1)

1.6 Wat gooi Tshepo vir sy hond om te vang?

a) ‘n Rooi bal
b) ‘n Blou bal
c) ‘n Groen bal
d) ‘n Geel bal (1)

1.7 Hoe lank oefen Tshepo en sy hond al?

a) 8 jaar
b) 6 jaar
c) 5 jaar
d) 2 jaar (1)

1.8 Waarmee neem Tshepo ‘n foto?

a) ‘n Kamera
b) ‘n Selfoon
c) ‘n Rekenaar
d) ‘n Tablet (1)

1.9 **Vervang** die woorde tussen hakies om die volgende stellings **waar** te maak.

1.9.1Samantha woon saam met haar (pa) in die huis. (*par. 1*)

____________________________________________________________ (1)

1.9.2 Een (oggend) toe Samantha in die parkie aankom is daar ‘n seun met sy hond ook in die parkie. (*par. 2*)

____________________________________________________________ (1)

1.9.3 Daarna hardloop Samantha (motor toe). (par. 4)

____________________________________________________________ (1)



**<u>Beantwoord die volgende vrae.</u>**

1.10 Noem twee goed wat Samantha eers moet doen voordat sy in die parkie kan gaan speel? (*par. 1*)

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (2)

1.11 Wat moet Samantha doen nadat sy klaar met haar hondjie gespeel het? (*par. 1*)

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (1)

1.12 Wat sien Samantha toe sy in die parkie aankom? (*par. 2*)

a) ‘n dogtertjie met haar hond speel.
b) ‘n seun wat met sy hond speel.
c) ‘n man wat met sy hond speel.
d) ‘n kind wat met sy hond speel. (1)

1.13 Wie woon ook saam met Samantha en haar ma in die huis? (*par. 1*)

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________ (1)

1.14 Hoekom dink jy vergeet Samantha skoon om haar naam te sê? (*par. 3*)

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________ (2)

1.15 Dink jy Samantha hou baie van diere? Gee ‘n rede vir jou antwoord. (*par. 1*)

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________ (2)

1.16 Om blind te wees beteken dat jy nie kan sien nie. Wat noem ons dit as iemand nie kan hoor nie? Gee een woord.

______________________________________________________________________ (1)

**<u>Voltooi die sinne.</u>**

1.17 (*par. 4*) Vir Samantha was dit ‘n besonderse dag, want ________________

______________________________________________________________________ (2)

1.18 (*par. 3*) Daar is ‘n klokkie in die bal sodat Rower _______________________

______________________________________________________________________ (2)

1.19 Skryf die volgende sin oor in die ontkenningsvorm.
Hy luister na die klokkie in die bal

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________(2)

1.20 Omkring die **korrekte spelling** van die volgende woorde:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.20.1 | a. huistoe | 1.20.2 | a. klokie |
| | b. huis toe | | b. kloukkie |
| | c. hystoe | | c. klokkie |
| | d. heistoe | | d. klukkie |

(2)

1.21 Skryf die volgende afkorting uit: a.g.v.

______________________________________________ (1)

**Totaal Afdeling A : (30)**

## Afdeling B: Taalstruktuur

2.1 Skryf die volgende sin oor in die **toekomende tyd** (*future tense*).

*Voorbeeld (example): Tshepo gooi die bal vir Rower.*
*Tshepo **gaan** die bal vir Rower gooi.*

2.1.1 Samantha doen haar huiswerk.

Samantha ______________________________________________

______________________________________________ (1)

2.2 Skryf die volgende sin oor in die **verlede tyd** (*past tense*).

*Voorbeeld (example): Tshepo gooi die bal vir Rower.*
*Tshepo **het** die bal vir Rower **ge**gooi.*

2.2.1 Tshepo neem 'n foto met sy kamera.

Tshepo ______________________________________________

______________________________________________ (1)

2.3 Kies die regte **teenoorgestelde** (*opposite*) uit die blokkie hieronder.

| | | | |
|---|---|---|---|
| **groot** | **lelik** | **vuil** | **min** |

2.3.1 baie ______________________________

2.3.2 klein ______________________________ (2)

2.4 Vul die regte **voornaamwoord** (*pronoun*) in:

| | | | |
|---|---|---|---|
| **hy** | **sy** | **haar** | **hom** |

2.4.1 Samantha werk hard, want ________wil eendag 'n veearts word.

2.4.2 Samantha help _____________ ma in die huis. (2)

2.5 Gee die **meervoude** (*plurals*) van die volgende woorde: (2)

| ***Voorbeeld (example)***<br><br>***hond*** | ***Voorbeeld (example)***<br><br>***honde*** |
|---|---|
| seun | |
| dier | |

2.6 Verdeel die volgende woord in **lettergrepe** (*syllables*): (1)

| ***Voorbeeld (example)***<br><br>***vergeet*** | ***Voorbeeld (example)***<br><br>***ver – geet*** |
|---|---|
| dogtertjie | |

2.7 Gee die **intensiewe vorm** (*intensive form*) van die volgende woord: (1)

| ***Voorbeeld (example)***<br><br>***hard*** | ***Voorbeeld (example)***<br><br>***kliphard*** |
|---|---|
| vinnig | |

2.8 Gee ‘n **sinoniem** (*synonym*) vir die woord hieronder: (1)

| ***Voorbeeld (example)***<br><br>***maats*** | ***Voorbeeld (example)***<br><br>***vriende*** |
|---|---|
| pret | |

2.9 Skryf die **trappe van vergelyking** (*degrees of comparison*) van die volgende woorde:

| ***Voorbeeld (example)***<br><br>***vinnig*** | ***Voorbeeld (example)***<br><br>***vinniger*** | ***Voorbeeld (example)***<br><br>***vinnigste*** |
|---|---|---|
| klein | | |
| hard | | |

(2)

2.10 Gebruik die **voegwoord** hieronder om die twee sinne bymekaar te voeg.

Samantha werk hard. Samantha wil eendag ‘n veearts word. . (want)

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

2.11 Rower het ‘n spesiale bal wat hy vang.

Vul die **byvoeglike naamwoord** wat die bal beskryf hier onder in.

Dit is ‘n mooi ________________________________________bal. (1)

**Totaal Afdeling B (15)**

**Groot Totaal (45)**

**Geniet die vakansie!**

